# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**NOVEMBER 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 50**

**TYD: 1 ½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1 Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE afdelings** :

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A** | **: Lang transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING B** | **: Kort transaksionele teks** | **(20)** |

2 Skryf in die taal wat geassesseer word.

3 Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4 Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5 Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6 Beplan jou tyd só: **AFDELING A: 60 minute**
**AFDELING B: 30 minute**

7 Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.

8 Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

9 Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

10 Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11 Skryf netjies en leesbaar.

12 Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**
**VRAAG 1 :**

- Kies EEN onderwerp en skryf **120 tot 150** woorde daaroor
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Wys jou beplanning (**kopkaart, beplanning en finale poging**).
- Skryf die **getal woorde** wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

**1.1. 'N VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou pa het besluit om die gesin vir die vakansie na die see te neem. Jy mag 'n maat saamneem.
Nooi jou maat uit om die vakansie saam met jou deur te bring.
Vertel ook vir jou maat van al die fantastiese dinge julle daar gaan doen. **[30]**



**OF**

**1.2. DIALOOG**

Jy en jou maat het na 'n musiekkonsert toe gegaan. Julle het dit baie geniet.

Skryf nou die gesprek in 'n dialoogvorm neer. **[30]**



**AFDELING B: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2 :**

- Kies EEN onderwerp en skryf **80 tot 100** woorde daaroor
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

- Wys jou beplanning (**kopkaart, beplanning en finale poging**).
- Skryf die **getal woorde** wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

**2.1. DAGBOEKINSKRYWING**



Dit is jou eerste jaar op hoërskool. Skryf in jou dagboek oor hoe jy die eerste dag gevoel het.

**ONTHOU:**

- Jou eerste dagboekinskrywing is geskryf die aand vóór jy Hoërskool toe gaan
- Jou tweede dagboekinskrywing is geskryf ná jou eerste dag op Hoërskool.

**OF** **[20]**

**2.2. E-POS**




Jy is met vakansie by die see. Jy sien jou rolmodel saar en praat met hom/haar. Jy was so verbaas en gelukkig .Stuur 'n e-pos aan jou maat waarin jy hom/ haar van jou ondervinding vertel.

**[20]**

**GROOTTOTAAL :[50]**